HOE KAN OPVOEDERS OUERS BETROKKE MAAK?

Volgehoue ouerbetrokkenheid en ondersteuning sal verbeter hoe meer die ouers aan die aktiwiteite/proses van kindersorg betrokke raak; menende dat hulle dit dan ook moet geniet, die reg het om sekere keuses te maak, dinge doen waarin hul belangstelling is en mees belangrik dat hul suksesvol voel in hul poging/deelname.

Opvoeders/omsieners kan:

- Verstaan dat ouers verskil van mekaar en op verskillende wyses sal wil betrokke raak
- Boeke kan verskaf wat as Handleiding sal dien tot kinderopvoeding
- Kennisgewing oprig om algemene dinge onder ouers se aandag te bring en waarop kindertake vir die ouers uitgestal kan word
- Stel ‘n kindersorgpolis voor met hul ouers as hoofopvoeders
- Stal personeelfoto’s en werktitels uit
- Verseker ‘n proses waar ouer en kinder maklik tuis sal voel in hierdie kindernasorgproses
- Bespreek dinge openlik
- Belangrik dat ouers met opvoeders gesels wanneer hul kinders opdaag en later weer opgetel word, sodoende kan beide ouers en opvoeders op hoogte bly van nuutste verwikkelinge
- Sorg dat opvoeders volledige kommentaar lewer van kinders se gedrag en aktiwiteite

DUBLIN CITY KINDERSORG FOKUSGROEP

Gevorm in 2001, onder gesag van Dublin Community Forum. Dit bestaande uit die private Kindersorgopvoeders, Openbare kindersorg en die Ouers. Die mikpunt hier is op goeie kommunikasie tussen hierdie 3 groepe.gerig.

Hierdie Fokusgroep ontmoet dan ook 1 keer ‘n maand in die Civic Kantore.

VERWYSINGS:

- Verbetering van kindersorg
- Verbetering van ouerbetrokkenheid deur die ontwikkeling van ouersamewerking
- Die rig van gereeldelike nuwe voorstellings aan hierdie Dublin City Community Forum
- Op hoogte te bly met die Dublin City Kindersorg Community in verband met die nuutste verwikkelinge/polisse

Dublin City Childcare Focus Group
Civic Offices, Block 4, Floor 1
Wood Quay
Dublin 8
Tel (01) 2223259 Fax (01) 2222162
e-mail: community.forum@dublincity.ie
Website: www.dublin.ie//childcarefocusgroup

Informasie deur Geraldine French {Kindersorgkonsultant} van Dublin City Childcare Fokusgroep.

Afrikkaans

Dublin City Childcare Focus Group

AANDEEL VAN OUERS IN KINDERSORGDIENS

PRAKTIESE IDEES VIR OUERS EN OMSIENERS

Wat is ouerbetrokkenheid?

Waarom is dit so belangrik?

Wat kan ouers doen om betrokke te raak?

Wat kan omsieners doen on ouersz ?

WAT IS OUERBETROKKENHEID?

Betrokkenheid van ouers, voogdes en omsieners is ‘n belangrike aandeel in kinderopvoeding. Daarom moet daar ‘n sterk verband tussen die ouers en omsieners heers, juis omdat beide verantwoordelikhede vir die kinders het.

Aangesien elke ouer verskil van mekaar kan ouerbetrokkenheid verander. So sal een persoon bv. verkies om uit te help op uitstappies, ‘n ander om telekommunikasieverbinding te hou, en ‘n derde weer dalk aanbied om eerder in ‘n bestuurskommitee te dien. Dit beteken dat elke ouer se belangstelling in ‘n funksie kan verskil, en dat die omsieners gelukkig moet wees met die ouers se betrokkenheid daaraan**.**

Ouerbetrokkenheid aan kindersorg kan baie help met die bystaan van omsieners en hul diens.

Hoe meer ouers weet van die werk, hoe beter sal die werksverhouding tussen ouer en omsiener wees.

Hierdie positiewe verhouding is baie belangrik in die kind se opvoeding.

BEGINSELS OMTRENT OUERBETROKKENHEID

Aanvaar dat daar verskillende dinge in kindernasorg is waarna ondersoek ingestel en bespreek moet word;

Respek vir kinders en hul ouers as individuele is belangrik;

Respekteer die verskillende maniere waarop ouers liefde en beskerming aan hul kinders toon.

VOORDELE AAN OUERBETROKKEN*HEID*

- Beter verhouding tussen omsieners en ouers.
- Ouers meer betrokke in die kindersorgdiens.
- Familie-waardes en vertroue in-agneming deur die omsiener.
- Ouers se deelname in die opvoedingsproses lei tot ‘n beter verstandhouding tussen hulle en hul kinders.
- Ouers word na opgesien om deel te neem in die nasorg van kinders.
- ‘n Groter selfvertroue in die bespreking van hul kinders se toekomende studies.
- Beter verstandhouding tussen ouers en hul omsieners, verminder verwarring wat by die kinders kan ontstaan.

- Betrokkenheid by kinders se aktiwiteite verbeter hul selfesteem, motivering en verbeter ouers se vertroue in die opvoeding van hul kinders
- Erkenning dat ouers en omsieners verskillende deelname en waardes aan kinderopvoeding heg.
- Deur die goeie betrokkenheid sal elkeen openlik wees oor die bespreking van nuwe idees en beter samewerking in die toekoms.

WAT KAN OUERS DOEN OM BETROKKE TE RAAK?

- Deelname in die verf en versiering van kindersorgfasiliteite
- Oorweging van deelname aan ouerkommitees, indien enige tot beskikking
- Donasie –en herwinning van materiale vir kunsprojekte
- Nuwe idees vir Geldinsameling
- Behulpsaamheid by uitstappies en pieknieke
- Tydinruiming vir personeelbesprekings en die bespreking van positiewe aspekte van die dienslewering en die uitdagings verbonde daaraan
- Maak bandopnames van stories
- Deel verskille maniere van dinge doen met mekaar
- Laat kinders stories vertel en foto’s wys van die huis en familie, sodat omsieners ‘n beter verstandhouding van hul agtergrond kan he en sodoende beter opvoeders kan wees
- Deel talente met kinders, bv. Kook of musiek
- Bestee meer tyd aan nuwe bestuursreels
- Probeer so veel moontlik om feesvieringe en partytjies deur die jaar by te woon
- Probeer aktiwiteite reel vir die kinders, of neemsommer self deel daaraan,